

Donderdag 27 Desember

Skrifgedeelte: Jakobus 1:12-18

**Fokusgedeelte: Jakobus 1:13;
Heidelbergse Kategismus 52:127**

God versoek nie sy kinders nie

Die bede, soos wat die 1933 Afrikaanse Vertaling dit stel, “lei ons nie in versoeking nie,” beteken nie dat God soms daarvoor verantwoordelik is dat jy in versoeking kom nie. Dit word baie duidelik in Jakobus 1:13 gestel: “Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie.”

Met ander woorde, God verlei nie sy kinders tot die kwaad nie. Jy kan nooit sê dat jou sonde God se skuld is, dat Hy jou tot ’n val wou bring, of dat Hy jou doelbewus in ’n si-tuasie gebring het waar jy magteloos voor Satan gestaan het, waar die versoeking net eenvoudig vir jou te groot was nie. Nee, God is nie jou vyand nie. Hy is, in Christus, jou Vader. En watter vader is daar wat sy kind doelbewus sal kwaad aandoen?

Daarom dat die vertaling “laat ons nie in versoeking kom nie” (1983-vertaling) dalk ’n beter keuse is. Want jy sê daarmee: “Here, hou my weg van plekke, van situasies en geleenthede waar die versoeking tot sonde vir my te veel kan word. Moenie toelaat dat ek in omstandighede kom waar ek kan struikel nie. Lei my so deur u Woord en Gees dat ek van versoekinge gespaar kan word en verhinder die duiwel om met sy verleidingswerk in my lewe voort te gaan. Ek is swak. Ek is kwesbaar. Ek sal nie vir ’n oomblik in eie krag kan bly staan nie. Laat my nie in versoeking kom nie.”

Jou troos is dat Jesus Christus, wat self ook versoek is en dit oorwin het (Matt. 4:1-11), die versekering gegee het dat niemand jou uit sy hand kan ruk nie (Joh. 10:28).

Sing: Skrifberyming 10-1:1, 4

Ds. CJH (Casper) Breed (Secunda)